**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 2 EENHEID 8: DIE OWERHEIDSEKTOR**

***MEMORANDUM***

1 **Omskryf die owerheidsektor kortliks.**

Die owerheidsektor is daardie deel van die ekonomie wat deur die staat besit en beheer word.

2 **'n Eiendomsontwikkelaar in Limpopo provinsie moet die volgende stappe volg: (a) die regering van Limpopo provinsie moet die dorpsontwikkeling goedkeur; (b) die munisipaliteit moet die bouplanne goedkeur; (c) Eskom moet betaal word vir 'n kragaansluiting; (d) aan die einde van die finansiële jaar moet hy belasting betaal op die wins wat hy gemaak het. Noem die komponente van die openbare sektor wat by (a) tot (d) betrokke is.**

(a) Provinsiale regering (b) Plaaslike owerheid

(c) Openbare korporasies (d) Sentrale regering

3 **Is die belasting wat bogenoemde eiendomsontwikkelaar moet betaal 'n direkte of 'n indirekte belasting?**

Direkte belasting, want wins dra direkte belasting.

4 **Die staat doen onder andere die volgende: (a) die staat verskaf water; (b) verskaf werkloosheidsbetalings aan werklose mense; (c) stel die prys van sommige produkte vas; (d) verskaf sommige medisyne gratis. Noem die redes waarom die staat bogenoemde doen.**

(a) Om vir almal toegang tot water teen billike pryse te verseker.

(b) Sodat werklose mense nie totaal verarm nie.

(c) Om uitbuiting van veral arm mense te voorkom.

(d) Om noodsaaklike medisynes vir armes beskikbaar te stel.

5 **As die staat belasting op tabakprodukte hef, wie betaal die belasting?**

Verbruikers van tabakprodukte.

6 **Wat word die belasting wat op die volgende produkte gehef word, genoem? (a) petrol en diesel (b) goedere in Botswana gekoop (c) verkoop van vaste eiendom.**

(a) Brandstofheffing (b) Invoerbelasting (c) Hereregte

7 **Die staat hef belasting op medisyne wat 'n inhoud van die daggaplant bevat. (a) watter soort belasting is dit; (b) wat is die uitwerking daarvan op die prys van daggamedisyne; (c) hoe beïnvloed die belasting die hoeveelheid gevra?**

(a) Indirekte belasting (b) Verhoog die prys

(c) Hoeveelheid gevra neem af